netwerk24.com

# Hennie van Deventer: Ag nee, Koos – te veel word verswyg

Send to Kindle

**Koos Bekker se gedugte betoog waarom papierkoerante moet verdwyn, gaan bra mank aan oortuigingskrag, skryf Hennie van Deventer.**

Briljant verby, ryk aan historiese perspektiewe, anekdotes om oor te glimlag en prikkelende insigte.

Dit is die mediabaas Koos Bekker se betoog oor die koerant en die ossewa in *Rapport* van 28 Julie gewis. Oral het dit mense aan die praat gesit, meestal met bewondering vir sy sjarmante styl en keurige Afrikaans.

Bekker skryf in sy eie naam. Vanselfsprekend dink Koos Bekker en die voorsitter van Naspers (en Prosus) oor koerante en verwante sake nie so verskillend dat ’n mens dit sal agterkom nie.

Dit was geensins vergesog of onbillik nie om sy nie-amptelike woorde tog wel as ’n soort amptelike antwoord te beskou op al die vrae, versoeke en veroordelings uit vele oorde oor die ingrypende en onherroepelike veranderinge aan veral die Afrikaanse koerantlandskap wat skynbaar onstuitbaar op pad is.

Die logiese vraag wat met sy lank verwagte toetrede tot die gesprek te berde gekom het: Bied die Bekker-relaas betekenisvolle antwoorde op kritieke kwessies in die heersende debat? Met respek moet ek dit in hierdie reaksie van ’n selferkende koerant-verknogte onomwonde stel: Helaas nie. Trouens, raaiselagtige omseilings en verswyging laat sy bydrae bra mank gaan aan oortuigingskrag.

Die PDF-aflaaie is ’n volwaardige deel van Rapport se amptelike sirkulasiesyfer van 56 410.

Wat dit nog raaiselagtiger maak, is die Woensdag-verklaring, net drie dae later, uit die kantoor van Ishmet Davidson, besturende direkteur van Media24, waarin die aflegging van 66 redaksielede opgeskort word. Nuwe moontlikhede vir die oorlewing van PDF-weergawes en handelsname word daardeur geskep – allesins ’n positiewe, hoewel nog ’n vae en onomlynde, nuwe bedeling. In dié verklaring word ware kwessies aangeroer, in Bekker se relaas helaas nie. Vir hom gaan die argument bloot om papier of nie-papier nie, en daarmee basta – ’n ietwat eiesinnige en esoteriese benadering.

Bekker meld dat *Rapport* net 36 592 koerante op ’n naweek verkoop, maar verswyg gerieflik die sowat 20 000 PDF-weergawes van dié titel wat elke Sondag op Netwerk24 afgelaai word. Die PDF-aflaaie is ’n volwaardige deel van *Rapport* se amptelike sirkulasiesyfer van 56 410.

En waar hy waag om name van “uitstaande” *Beeld*-redakteurs uit te sonder, vergeet hy skoon van “Ysterman” Willem Wepener, wat in die ’80’s ’n wêreld-beroering veroorsaak het met sy oproep (onder meer) om die vrylating van Nelson Mandela. Ag nee, Koos.

’n Kernkwessie wat Bekker verrassend vermy, is die vrese van totale uitwissing van die eerbiedwaardige handelsname *Beeld* en *Volksblad* wat deur Media24 se aanvanklike verklaring geskep is; in *Beeld* se geval presies 50 jaar ná verwesenliking van ’n oorheersende Nasionale Pers-droom in die vorige eeu om die noorde onder sy vleuels in te trek. Dit het tot twee waagmoedige koerantstigtings gelei, eers die Sondagbad *Die Beeld* wat in *Rapport* opgegaan het, toe die dagblad *Beeld*. Die tydsberekening van die aanvanklike doem-aankondiging kon dus werklik nie meer onsensitief – selfs koelbloedig – gewees het as in ’n jubileumjaar nie.

In die geval van *Volksblad*, die oudste Afrikaanse koerant (nie dagblad nie), was die indruk tot Woensdag dat Media24 sy eie eksperimentele model ná net twee

jaar sonder seremonie nekomdraai. Sedert 10 Augustus 2020 word net ’n digitale uitgawe van die blad op ’n sentrale netwerk gepubliseer, maar met behoud van sy vertroude handelsnaam.

Toe moet ons hoor: Dié tydelike lewenslyn verdwyn. Dit dui allermins op langtermyn-denke en ’n oorwoë strategie.

Sulke ad hoc-stappe wek nie juis vertroue dat verdere skokke nie vir lesers voorlê nie, veral as ontnugterde adverteerders reeds op die vlug slaan en, soos ons Maandag moes hoor, van Johannesburg tot Kaapstad multimiljoene se kontrakte kanselleer – skynbaar ’n onomkeerbaarheid as die era van papierkoerante tot ’n einde moet kom.

Die pleidooi van 14 oudredakteurs van die groep, verteenwoordigend van die volle spektrum van amper vyf dekades van 1977 tot nou, is hier relevant. In die eerste gesamentlike optrede van die ingrypende aard in die 110 jaar dat die Nasionale Pers (nou Naspers) bestaan, vra die oudredakteurs daarin, saam met ander besorgde belangegroepe en individuele lesers, duidelik nie om die papierkoerant tot elke prys te behou nie – al is dit hul eerste liefde en pomp die drukkersink steeds in hul are.

Wat hulle wel gevra het, is: Behou asseblief, in watter vorm ook, gehalte-joernalistiek in Afrikaans. Doen dit onder die vaandel van sterk mashoofde (of gewels) wat oor dekades heen in die Afrikaanse gemeenskap gerespekteer word, waaraan ’n bepaalde identiteit kleef en waaraan onuitwisbare streeklojaliteite gekoppel is.

’n Resente voorbeeld: ’n Jong Bokspan trap op Saterdag 20 Julie die Portugese in Bloemfontein, Rassie Erasmus kom kuier op sy ou jagveld en sentimentele bande word vernuwe. *Volksblad* se voorblad daardie Maandag weerspieël die stadsgenot en streekplesier van die okkasie, terwyl *Beeld* en *Die Burger* Joe Biden se handdoek-ingooi as hoofberig het.

Vergelyk ook die Maandagvoorblaaie van *Die Burger* en *Beeld* nadat die aartsvyande die Stormers en Bulle op Loftus Versfeld of in die Groenpuntstadion kragte gemeet het. Wen die Stormers, jubel *Die Burger* saam en is *Beeld* so bekaf soos die span se ondersteuners. Is die uitslag andersom, so ook die aanbieding in die onderskeie koerante.

Gelukkig sien ons nou weer hieroor ’n skrefie lig danksy die volgehoue druk van huidige en oudredakteurs, groepe soos Solidariteit en ’n bankvas leserskorps. Want hoeveel armer sal die samelewing nie wees nie as twee van die huidige drie dagblad-gewels sito-sito in *no-name brands* sou moes verander en net ’n enkele ooilammetjie, *Die Burger*, oorleef? Immers: Die hartklop, die emosie van ’n verbonde lesersgroep met spesiale bande moet noodwendig verlore gaan as alles maar net deur een meule moet kom. Maar Bekker bied oor hierdie vername aspek van die redakteurs (en lesers) se versugting geen hoop op uitkoms nie. Hy laat dit aan Davidson oor om skadebeheer te doen.

Bekker self gee geen verduideliking, motivering of ekskuus waarom al die geraakte titels, volgens die planne in daardie stadium op die tafel, nie op die Netwerk24-platform in PDF-vorm sou kon voortleef nie, nes hy in alle tale swyg oor die onvermydelike skades vir ’n demokratiese gemeenskap as mediadiversiteit in ’n gesentraliseerde bestel op die ashoop sou beland.

Wat *Rapport* betref, skep die behoud van personeel onder die Netwerk24-vaandel ’n belowende geleentheid om ’n digitale Sondaghoekie in stand te hou.

Media24 se topbestuur moet egter vroeg-vroeg al wel deeglik bewus gewees het, en die grootbaas hopelik ook ingelig, dat diepe kommer op bedryfsvlak bestaan oor die uitdagings in die nuwe era vir die handhawing van die unieke “Sondag”-identiteit van die blad met klem op ondersoekende berigte en kommentaar-artikels soos dié waarvoor die vlagskip-bylae, *Weekliks*, bekend is. Oor sulke praktiese kwessies laat Bekker hom nie uit nie.

Hoekom die brandende haas hier te lande terwyl ’n New York Times, ’n Guardian en ander steeds hul vlerke sprei?

Oor die noodwendige en omvangryke ramifikasies vir Afrikaans van 'n verskraalde aanbod is hy ook stil. Dit terwyl – soos die redakteurs dit in hul verklaring stel – in die grootste gedeelte van die land Afrikaans nie meer bestaan as 'n regstaal nie en Afrikaans se status as 'n volwaardige akademiese taal aan 'n draadjie hang. Die druk laai onheilspellend op. Niemand kan tog miskyk nie hoe belangrik diverse en lewenskragtige Afrikaanse nuusplatforms vir die taalgemeenskap is en hoe die afskaling van 'n behoorlike nuusaanbod in Afrikaans oor die hele spektrum in 'n domino-effek skade kan aanrig? 'n Mens kon verwag het dat Bekker – juis hy met 'n bekende voorliefde vir die taal en 'n stryder daarvoor by die Universiteit Stellenbosch – in sy wye betoog ook oor hierdie vrese sy insigte sou lug.

Sy ossewa-metafoor is vernuftig en klink dalk oulik, maar skep nogal 'n paar pertinente vrae. 'n Belangrike een: As die tyd dan so ryp geword het om onverwyld en voor die voet die media-osse uit te span, hoekom is dit juis Suid-Afrika – en, tragies genoeg, voorste Afrikaanse koerante – wat in sy oë in dié visioenêre oorgang van die oue tot die nuwe as touleier na vore moet tree?

Waarom is dit by hierdie keerpunt in die geskiedenis nie uitgewers van die grootste koerante in die gevorderdste en rykste lande wat koorsagtig oor hul voete val om titels te sluit en mekaar met uitsluitend e-nuus-innovasies te oortroef nie?

Hoekom die brandende haas hier te lande terwyl 'n *New York Times*, 'n *Guardian* en ander steeds hul vlerke sprei, vele nasies steeds druk koerant lees en elders op die aardbol selfs steeds groot in die bedryf belê word?

Die geldigheid van leserskeuse as 'n groot rede kan nie betwis word nie, maar een belangrike rede vir leser-apatie noem hy nie.

Die bevredigendste model is klaarblyklik om die krag van nuus in koerantvorm en van e-nuus (sy onmiddellikheid en kostedoeltreffendheid) te versoen eerder as om die geloofwaardigheid, toeganklikheid, permanensie, samebinding en leesgenot wat eersgenoemde verskaf eenvoudig te versaak. Elders word hard

aan sulke saamloop-modelle eerder as 'n platloop-model gewerk – hopelik slaan Media24 in samewerking met Netwerk24 ook nou daardie meer konstruktiewe koers in.

Oor waarom koerante in 'n krisis beland het, blameer Bekker leserskeuse. Dit is lesers wat in hul duisende die ouderwetse koerante die rug keer en geriefliker alternatiewe opsoek, redeneer hy. Die geldigheid van leserskeuse as 'n groot rede kan nie betwis word nie, maar een belangrike rede vir leser-apatie noem hy nie.

Dié moet, volgens hierdie waarnemer, nader aan die huis gesoek word: In die Perssentrum (ou naam) in die Heerengracht, Kaapstad. Op die keper beskou, was iewers in die oorgang van die aristokratiese, ou Nasionale Pers met sy drie hoekstene – koerante, tydskrifte en boeke – tot 'n globale Naspers met al hoe meer duiselingwekkende internasionale tentakels klaarblyklik 'n kritieke oorgang in filosofie en gesindheid. Oor koerante se toekoms is opgehou droom. Dekade lange steunpilare van volk en vaderland, maar ook van die Nasionale Pers, is nie meer gesien as kosbare kultuurskatte uit eie reg nie, maar al hoe meer slegs as oorgangsmeganismes tot 'n nuwe daeraad in kommunikasie wat die internet en verwante ontwikkelinge in die visier gebring het.

Ingrypende besnoeiings van begrotings, afleggings van senior sleutelmense, inkorting van redakteurs se status in die maatskappy en toenemend minder hande om die veelvuldige pligte van doeltreffend koerant uitgee te verrig, het 'n glybaan van agteruitgang geword. Redakteurs se wapens om hul magsbasisse te beskerm, is stomp gemaak.

Al hoe vinniger en vinniger is gevolglik gegly.

Wel, hier staan ons dan aan die begin van Augustus 2024. Dis 'n onsekere plek met meer vrae as antwoorde. As 83-jarige lid van die ou skool glo ek steeds dat geen ander medium (gedruk of digitaal of albei) 'n mens in 'n soms al hoe verwarrender leefwêreld so volledig in staat stel om sinryk in sy gemeenskap te

funksioneer nie as ’n goeie koerant, hetsy op papier of op ’n skerm. Daarom is die Bekker-betoog maar swaar om te sluk.

Naskrif: As ’n mens moedswillig wil wees, bring die ossewa-metafoor ook die skalkse ander vraag na vore: Wat het die arme Wes-Kapenaars dan gesondig dat hulle uitsigloos met ’n *Burger* in die primitiewe ossewavorm moet bly voortploeter, terwyl die noorde van die land ’n blinknuwe paraffien-era betree?

• *Van Deventer is ’n voormalige uitvoerende hoof van koerante van die Nasionale Pers en oudredakteur van* Volksblad*.*

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/hennie-van-deventer-ag-nee-koos-te-veel-word-verswyg-20240803